

18 Maart

Skrifgedeelte: Numeri 22:1-21
Fokusgedeelte: Numeri 22:9-12, 19

Getuienis met voorbedagte rade

Wie Bileam presies was, weet ons nie. Wat ons wel weet, is dat hy op 'n manier die God van Israel geken het, maar dat hy nie deel van God se volk was nie. Daarby was hy 'n waarsêer. Koning Balak (wat bang was vir die Israeliete) het waarskynlik gereken dat Bileam Israel in die Naam van hulle God sou kon vervloek en dat hy (Balak) Israel op hierdie wyse sou kon oorwin. Daarom stuur hy boodskappers om Bileam se hulp te vra.

God verskyn aan Bileam en sê twee dinge: 1) Hy verbied Bileam om saam met Balak se gesante terug te gaan; en 2) Bileam mag nie die Israeliete vervloek nie.

Wanneer Bileam die volgende oggend met Balak se gesante praat, dra hy egter nie die Here se volle boodskap oor nie. Hy sê bloot dat hy nie saam met hulle mag teruggaan nie. Hy sê niks daarvoor dat hy nie Israel mag vervloek nie.

Hoekom praat hy nie die volle waarheid nie? Sy (valse) getuienis is met voorbedagte rade, wat hy het geweet Balak sou weer gesante stuur – en ook met 'n groter beloning. Balak was immers diep in die knyp.

Bileam was reg: belangriker gesante het gekom, met 'n beter en groter beloning. Omdat geld Bileam se fokus was, het hy dan ook 'n tweede keer die Here gaan raadpleeg, alhoewel die Here die eerste keer reeds sy antwoord bekend gemaak het.

God het geweet Bileam wil hom nie regtig dien nie. Daarom het hy Bileam laat begaan. Hierdie ongehoorsaamheid het later ook Bileam se einde beteken (vgl. Num. 31:8).

Soek jy in jou lewe bloot jou eie voordeel? Is jou diens aan God eintlik selfdiens? Waak dat jou lewensgetuienis oor die Here met voorbedagte rade nie bloot selfdiens is nie. Laat jou lewensgetuienis waarlik Godsdiens wees.

Sing: Psalm 94:5, 6 (1936)

Dr. JA Erasmus (Odendaalsrus)